basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## EKONOMIE V2

## NOVEMBER 2022

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

Approved
Rambuda MU
Umalusi Moderator
16 November 2022

Approved 16/11/22
N. PILLAY
INTERNAL MODERATOR

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 22 bladsye.**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 16
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

Kopiereg voorbehou

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 16
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 D - veranderlike ✓✓
1.1.2 D - monopolistiese / C – oligopolie / A - monopolie✓✓
1.1.3 B - ekonomiese wins✓✓
1.1.4 A – produktiewe ✓✓
1.1.5 B – stagflasie ✓✓
1.1.6 C – eko- ✓✓
1.1.7 A - bewaring ✓✓
1.1.8 C - Stockholm Protokol ✓✓ (8 x 2) (16)

### 1.2 PASITEMS

1.2.1 F–Die waarde van insette wat deur die entrepreneur besit word in die produksieproses, soos geleentheidskoste, gebruik word. ✓

1.2.2 C–'n Periode van produksie waarin al die produksiefaktore uiteenlopend kan wees ✓

1.2.3 E–'n Markstruktuur waar min aantal groot verkopers funksioneer ✓

1.2.4 D–Wanneer die privaatsektor nie daarin slaag om sekere goedere en dienste te verskaf nie ✓

1.2.5 B–Vorm deel van monetêre beleid wat gebruik word om die aanbod van geld te beheer ✓

1.2.6 I–Suid-Afrikaanse landsburgers wat binne die grense van die land reis ✓

1.2.7 A–Die bekendstelling van skadelike stowwe in die omgewing ✓

1.2.8 H–Die geleidelike algemene styging in die temperatuur van die Aarde se atmosfeer ✓ (8 x 1) (8)

### 1.3 GEE DIE TERM

1.3.1 Skaalverspillings/ Disekonomieë van skaal/Skaalnadele✓
1.3.2 Marginale inkomste ✓
1.3.3 Kostevoordeel-analise✓
1.3.4 Vraagtrek-inflasie ✓
1.3.5 Transito toeriste ✓
1.3.6 Beskerming/ Omgewingsvolhoubaarheid✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

### VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 **Noem TWEE tipes samespanning.**

Openlike/eksplisiete/formele✓
Stilswyende/implisiete/informele✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

2.1.2 **Waarom verskaf die owerheid subsidies aan produsente?**

Subsidies verminder die koste van produksie wat produsente sal aanmoedig om die produksie van sekere goedere te verhoog. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Identifiseer 'n nieprys-strategie wat deur die inligting hierbo getoon word.**

Deur-tot-deur aflewering / aanlynbestellings / verpakking / Handelsmerk / advertensies ✓ (1)

2.2.2 **Noem EEN voorbeeld van 'n monopolistiese mededingende bedryf.**

- Kitskos afsetpunte ✓
- Mediese dokters ✓
- Klerewinkels ✓
- Prokureurs ✓
- Restaurante✓
- Kleinhandel afsetpunte✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 1) (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term *patent*.**

'n Wettige reg wat 'n eienaar toelaat om eksklusief 'n produk te produseer (vervaardig) / 'n Eksklusiewe reg verleen aan 'n uitvinder wat intellektuele eiendom beskerm. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 16
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

2.2.4 **Waarom is pryse in 'n monopolistiese mededingende mark laer as die pryse van 'n monopolie?**

- Monopolistiese mededingede mark het groter mededinging omdat daar baie besighede is ✓✓
- Monopolie mark het hoër pryse omdat dit 'n enkele verskaffer van 'n produk of diens is ✓✓
- Monopolie verkoop ‘n unieke produk met geen nabye substitute nie✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.2.5 **Verduidelik die voordele van produkdifferensiasie vir produsente van goedere en dienste.**

- Produsente sal voordeel trek omdat hul produkte maklik herken sal word van soortgelyke produkte van ander besighede. ✓✓
- Wanneer verbruikers met die produk kan identifiseer, sal handelsmerk-lojaliteit ontwikkel word, wat die produsent sal bevoordeel. ✓✓
- Produsente sal meer inkomste/wins verdien van goedere wat 'n relatiewe onelastiese vraag het.✓✓
- Produsente kan maklik die mark penetreer en meer markaandeel wen deur middel van produkdifferensiasie✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Identifiseer die markprys in die grafiek hierbo.**

R18 ✓ (1)

2.3.2 **Noem enige EEN produk waarop die owerheid 'n maksimumprys kan afdwing.**

- Brood ✓
- Melk ✓
- Eiers ✓
- Mieliemeel ✓
- Parafien✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die term *minimumpryse*.**

Die laagste prys wat deur die owerhede bo die markprys gestel word om produsente in staat te stel om 'n billike wins te maak✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 16
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



MLL

2.3.4 **Waarom sal die owerheid by die mark ingryp deur belasting op niemerietegoedere te hef?**

- Om die produksie en/of verbruik van niemerietegoedere te ontmoedig✓✓
- Belasting laat die pryse van goedere styg en maak dit dus duur vir huishoudings om te koop✓✓
- Om die invoere van niemerietegoedere te ontmoedig ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.3.5 **Hoe sal maksimumpryse die ekonomie beïnvloed?**

- Verbruikers vra meer goedere aan (1200) as gevolg van lae pryse en produsente bied minder aan (500) ✓✓
- Oorskotvraag na goedere sal lei tot 'n tekort aan goedere wat beteken dat verbruikers moontlik nie toegang tot die produk in die mark kry nie (1200 – 500 = 700). ✓✓
- Maksimumpryse kan lei tot swartmarkte waar produsente goedere teen hoër pryse sal verskaf. ✓✓
- Afname in belastinginkomste omdat verkopers in die swart mark nie belasting betaal nie. ✓✓
- Daling in produksie van die produk kan lei tot verlies van werksgeleenthede en ekonomiese groei vertraag ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.4 **Gebruik die grafiek hieronder om die effek van negatiewe eksternaliteite op die mark te verduidelik.**

- As die mark sy eie gang gaan, sal 'n hoeveelheid Q by prys P geproduseer word. ✓✓
- Markewewigspunt **e** verteenwoordig maatskaplike ondoeltreffendheid omdat MPK gelyk is aan MPV. ✓✓
- Wanneer die eksterne koste (negatiewe eksternaliteite) in ag geneem word sal die koste van produksie toeneem en die aanbodkromme sal vanaf AA (MPK) na A1A1 (MMK) verskuif. ✓✓
- 'n Hoër prys P1 sal gehef word vir goedere met negatiewe eksternaliteite en laer hoeveelhede Q1 sal geproduseer word ✓✓
- By ewewigspunt e1, die hoeveelheid vervaardig verteenwoordig maatskaplike doeltreffendheid want MMK is gelyk aan die prys. ✓✓
- Die geskakeerde deel verteenwoordig die negatiewe eksternaliteite (welvaartsverlies) in die gemeenskap. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
**('n Maksimum van 4 punte mag toegeken word vir verduideliking sonder verwysing na grafiek)**

(8)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 16
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

2.5 **Hoe beïnvloed onderlinge afhanklikheid die optrede/aksies van firmas in die oligopolie mark?**

- Onderlinge afhanklikheid het tot gevolg dat besighede ander firmas monitor omdat die aksies van een ander beïnvloed. ✓✓
- Wanneer een firma 'n verkope promosie inisiatief bekend stel sal ander firmas dieselde doen om hul klante te behou. ✓✓
- Prysoorloë mag ontstaan as een firma reageer op 'n prysverlaging van 'n ander firma. ✓✓
- Deurlopende reaksie tot prysdalings sal pryse afdwing tot 'n koste van produksie wat firmas uit die mark mag forseer. ✓✓
- Om prysoorloë te voorkom sal oligopolieë 'n prys vra by die kniking (knak) van die vraagkromme, ✓✓
- Om winste te verbeter of onsekerhede in hul gedrag te verminder, sal oligopolieë met ander saamspan. ✓✓
- Wanneer een firma besluit om pryse te styg, mag ander besighede hul pryse konstant hou wat sal lei tot 'n verlies van markaandeel sowel as totale inkomste. ✓✓
- Oligopolistiese firmas sal nie-prys strategie gebruik soos advertensies om markaandeel te vermeerder ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

**('n Maksimum van 4 punte kan vir die korrekte verduideliking sonder direkte verwysing na die grafiek toegeken word)** (8)

**[40]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 16
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 **Noem enige TWEE tipes verbruikersinflasie.**

- Hooflyninflasie (VPI) ✓
- Kerninflasie ✓
- Geadministreerde pryse-inflasie ✓ (2 x 1) (2)

3.1.2 **Hoe baat huishoudings uit toerisme?**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 16
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

- Lede van huishoudings verdien inkomste direk uit die toerismesektor as toeroperateurs, reisagente. ✓✓
- Baie huishoudings is indirek betrokke by toerisme as werknemers. ✓✓
- Entrepreneurs uit huishoudings wat as kurio-vervaardigers of musikante funksioneer, kan inkomste uit toerisme verdien. ✓✓
- 'n Groot aantal huishoudings verkry vaardighede in die toerismebedryf. ✓✓
- Toerisme moedig landelike ontwikkeling aan omdat baie toeriste-aantreklikhede in landelike gebiede geleë is. ✓✓
- Plaaslike mense trek voordeel uit verbeterde infrastruktuur wat vir toeriste bedoel was. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Identifiseer die basisjaar in die tabel hierbo.**

2018 ✓ (1)

3.2.2 **Noem die instelling wat vir die beheer van inflasie in Suid-Afrika verantwoordelik is.**

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) ✓ (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term *hiperinflasie*.**

Is 'n tipe inflasie waarby pryse so vinnig styg dat mense vertroue verloor in die waarde van geld / Kom voor wanneer die inflasiekoers so hoog is dat dit as buite beheer beskryf kan word✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.2.4 **Verduidelik die belangrikheid om inflasie in die ekonomie te meet.**

- Om vas te stel of die inflasiekoers nog steeds binne die teikenreeks is. ✓✓
- Dit help beleidsbepalers om ingeligte besluite te neem aangaande monetêre beleid. ✓✓
- Om die lewenskoste te meet wat vir kollektiewe bedinging gebruik word.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2) MLC

3.2.5 **Gebruik die inligting in die tabel hierbo om die inflasiekoers van 2020 tot 2021 te bereken.**

$$\frac{109{,}5 - 107 \checkmark}{107 \checkmark} \times \frac{100 \checkmark}{1}$$

= **2,3%** / **2%** ✓ (4)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Identifiseer 'n tipe toerisme wat 'n geleentheid bied om tradisies in 'n gemeenskap te ervaar.**

Kulturele ✓ (1)

3.3.2 **Noem enige EEN wêrelderfenisterrein in Suid-Afrika.**

- Mapungubwe ✓
- Vredefortkoepel ✓
- Sterkfonteingrotte / Wieg van die Mensdom ✓
- Robbeneiland✓
- Isimingaliso vleilandpark / Groter St Lucia ✓
- uKhahlamba Drakensbergpark✓
- Khomani-kultuurlandskap ✓
- Kaapse Fynbosstreek / Tafelberg ✓
- Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap ✓
- Barberton Makhonjwa-berge✓ (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die term *toerisme*.**

Die aktiwiteit van mense wat reis en bly in plekke buite hul gewone omgewing vir nie meer as een aaneenlopende jaar vir ontspanning, besigheid of ander doeleindes. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.4 **Waarom is toerismegroei vir die owerheid belangrik?**

- Die belastingbasis vir die owerheid sal vergroot wat die belastinginkomste sal vermeerder. ✓✓ Byvoorbeeld, deur verhoogde lughawevertrek-belasting, lugkaartjie-belasting en belasting op hotelkamers. ✓
- Toerisme help die regering om armoede en werkloosheid teen geen of minimale koste te verminder.✓✓
- Toerisme kan help om 'n positiewe beeld of internasionale betrekkinge te skep en daardeur buitelandse beleggings te lok. ✓✓
- Stel die owerhede in staat om sy sosio-ekonomiese doelwitte van informele sektorgroei, swart ekonomiese bemagtiging en KMMO-ontwikkeling te bereik. ✓✓
- Help om buitelandse valuta in die land te genereer✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 16
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

3.3.5 **Hoe kan misdaad as 'n sosio-ekonomiese kwessie die toerismesektor negatief beïnvloed?**

- Hoë misdaadvlakke gee 'n negatiewe persepsie van die land as 'n toerismebestemming en ontmoedig toeriste ✓✓
- Die winste in die toerismebedryf sal afneem as gevolg van 'n vermindering in die aantal besoeke. ✓✓
- Die toeristebedryf sal werk verloor as 'n gevolg van 'n vermindering in toerisme-aktiwiteite. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.4 **Bespreek die redes vir die groei van die toerismebedryf in Suid-Afrika.**

- Verhoogde besteebare inkomste laat mense met geld om op toerisme-aktiwiteite te spandeer. ✓✓
- Minder werksure gee Suid-Afrikaners meer tyd om te reis aangesien baie mense gedurende openbare vakansiedae of langnaweke reis✓✓
- Meer mense is nou bewus van die behoefte vir ontspanning en rekreasie. ✓✓
- Verbeterde vervoer, kommunikasie en akkommodasie fasiliteite maak dit makliker vir toeriste om na verskeie plekke te reis. ✓✓
- Toename in advertensies en promosies maak mense bewus van toeriste-bestemming. ✓✓
- Verhoogde advertensies en promosies maak mense bewus van toeristebestemmings. ✓✓
- Suid-Afrika het 'n wye verskeidenheid toeriste-aantreklikhede soos wildparke, erfenisterreine, museums, botaniese tuine vir plaaslike mense om te besoek. ✓✓
- Daar is verbeterde infrastruktuur en mededingende vervoerstelsel wat reis geriefliker en goedkoper gemaak het. ✓✓ bv. lugrederye, minibusse en spoorvervoer. ✓
- Verbetering in ekonomiese groei en toename in besteebare inkomste veral onder swart mense het meer Suid-Afrikaners in staat gestel om vakansies te bekostig. ✓✓
- Reis vir besigheidsdoeleindes het toegeneem namate baie mense in ekonomiese aktiwiteite deelneem. ✓✓ Bv. besigheidskonferensies ✓
- Verhoogde advertensieveldtogte soos "shot'left" bevorder Suid-Afrikaners om binne hul land te reis. ✓✓
- Sosio-ekonomiese faktore soos trekarbeiders in stedelike gebiede wat familie in landelike gebiede besoek, het die aantal mense wat reis laat toeneem. ✓✓
- Die transformasie van Suid-Afrika in 'n demokratiese samelewing het meer mense laat vry voel wanneer hulle na verskillende dele van die land reis. ✓✓
- Die aanbied van internasionale byeenkomste soos sokker- en rugbywêreldbekertoernooie het die aantal buitelandse toeriste laat toeneem. ✓✓
- Gemak om visums te bekom en buitelandse valuta het die instroming van buitelandse toeriste in SA verhoog. ✓✓

EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 16
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

- Die depresiasie van die rand het dit vir buitelandse toeriste goedkoper gemaak om geld in SA te bestee. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
**('n Maksimum van 4 punte mag toegeken word vir blote opnoem van feite/voorbeelde)** (4 x 2) (8)

3.5 **Hoe sal 'n styging in die pryse van ingevoerde sleutelinsette, soos olie, die plaaslike ekonomie beïnvloed?**

- Wanneer die pryse van sleutelinsette wat ingevoer word styg, sal die plaaslike koste van produksie toeneem veral in die vervaardiging-sektor.✓✓
- Produksie van goedere en dienste sal afneem wat lae ekonomiese groei tot gevolg het. ✓✓
- Werkloosheid sal vermeerder soos besighede sommige van hul werkers aflê. ✓✓
- Produsente verhoog die pryse van hul goedere om vir die verlies van winste te vergoed, wat kostedrukinflasie sal stimuleer. ✓✓
- Hoë koste van ru-olie sal tot 'n styging in die pryse van brandstof lei wat hoë vervoerkoste meebring✓✓
- Beleggers mag ontmoedig wees om te belê as gevolg van 'n verhoogde koste van besigheid doen. ✓✓
- Die land se uitvoere mag afneem as gevolg van 'n styging in plaaslike pryse van goedere en dienste. ✓✓
- Die handelsbalans van die lopende rekening mag dus verklein as gevolg van 'n afname in uitvoere. ✓✓
- Die land sal minder buitelandse valuta verdien en maak dit moeiliker om vir invoere te betaal. ✓✓
- Stygings in oliepryse kan lei tot hoër brandstofpryse wat produksiekoste vir verskillende industrieë kan verhoog. ✓✓
- Stygings in pryse van landbou-insette soos kunsmis en ander chemikalieë kan tot hoër voedselpryse in die ekonomie lei. ✓✓
- Verhoogde koste van die invoer van masjinerie en toerusting kan lei tot lae produksie van goedere en dienste. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
**('n Maksimum van 2 punte mag toegeken word vir blote opnoem van feite/voorbeelde)** (4 x 2) (8)
**[40]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 16
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

4.1 **Beantwoord die volgende vrae.**

4.1.1 **Noem enige TWEE voorbeelde van merietegoedere.**

- Onderwys ✓
- Gesondheidsorg ✓
- Veiligheid ✓
- Rampbestuur✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

4.1.2 **Verduidelik die effek van 'n daling in die rentekoers op inflasie.**

'n Daling in rentekoerse sal mense aanmoedig om meer geld te leen en daardeur gemiddelde aanbod verhoog wat lei tot 'n verhoging in vraag-trek-inflasie. / Laer rentekoers kan produksiekoste verlaag wat kostedruk-inflasie kan verminder. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Identifiseer die verliesminimerings (ewewigs)punt in die grafiek hierbo.**

C ✓ (1)

4.2.2 **Wat is die aard van die produk wat in 'n monopolie verkoop word?**

Uniek/het geen nabye substitute(plaasvervangers) ✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1)

EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 16
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

4.2.3 **Beskryf kortliks die term *natuurlike monopolie.***

'n Monopolie wat ontstaan as gevolg van versperrings (hindernisse) tot toetrede wat ekonomies van aard is soos hoë ontwikkelingskoste / kragtige ekonomieë van skaal / eksklusiewe toegang tot natuurlike hulpbronne / hoë vaste koste. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.2.4 **Waarom maak 'n monopolie gewoonlik 'n ekonomiese wins op lang termyn?**

- 'n Monopolie is 'n prysmaker, dit kan maklik die pryse manipuleer om 'n ekonomiese wins te maak.✓✓
- 'n Monopolie mark het hindernisse tot toetrede, soos patente, wat nuwe firmas verhoed om die mark te betree. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.2.5 **Gebruik die inligting in die grafiek hierbo om die ekonomiese verlies deur die firma gemaak, te bereken. Toon ALLE berekeninge.**

Ekonomiese verlies = TI – TK
= (R40 x 500) ✓ – (R50 x 500) ✓
= R20 000 - R25 000 ✓
= **<u>- R5 000</u>** ✓

**OF**

Ekonomiese verlies = (GI – GK) x Q
= (R40 – R50) ✓ x 500 ✓
= - R10 x 500 ✓
= **<u>- R5 000</u>** ✓ (4)

## 4.3 DATARESPONS

4.3.1 **Identifiseer die oorsaak van kostedruk-inflasie in die spotprent hierbo.**

Lone ✓ (1)

4.3.2 **Noem EEN manier wat gebruik word om inflasie te meet.**

- Indekse (VPI en PPI) ✓
- Gewigstoekenning/Weging ✓
- Inflasiekoers ✓
- Implisiete BBP-defleerder (deflator) ✓ (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die term *inflasie.***

Inflasie is 'n volgehoue en aansienlike styging in die algemene prysvlakke oor 'n periode van tyd. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.4 **Verduidelik die effek van 'n daling in die algemene prysvlak op produsente.**

- Produsente sal minder inkomste verdien wat tot laer winste lei. ✓✓
- Produsente mag die mark verlaat vir ander winsgewende besigheidsgeleenthede. ✓✓
- Lae pryse sal daartoe lei dat besighede hul produksievlakke verlaag en minder werkers in diens neem. ✓✓
- Produsente kan toegang verkry tot sommige van hul insette teen 'n laer koste wat produksiekoste sal verlaag. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

MENT OF BASIC EDUCATION
ATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 16
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

4.3.5 **Hoe kan die owerheid die fiskale beleid gebruik om vraagtrek-inflasie te bekamp?**

Die owerheid kan inflasie bekamp deur:
- die vlak van belasting te vermeerder om beskikbare inkome te laat afneem en oormatige vraag en besteding te beperk. ✓✓
- implementering of verhoging in bybetaling op ingevoerde goedere om die koop van ingevoerde goedere te beperk. ✓✓
- besnoeiing van besteding soos kansellering van infrastruktuur ontwikkelingsprojekte, ✓✓ bv. bou van damme en openbare geboue ✓
- minder te leen om uitgawes te finansier, sodoende nie by te dra tot 'n toename in die sirkulasie van geld nie ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

4.4 **Bespreek kortliks *gebrek aan inligting en onbeweeglikheid van produksiefaktore* as oorsake van markmislukking.**

**Gebrek aan inligting**
- Gebrek aan inligting het tot gevolg dat hulpbronne nie doeltreffend geallokeer word nie. ✓✓
- Verbruikers het nie volledige inligting om rasionele besluite te neem tydens die koop van goedere en dienste alhoewel tegnologie wel sommige inligting verskaf. ✓✓
- Werkers is baie keer onbewus van werksgeleenthede buite hul huidige werk. ✓✓
- Entrepreneurs se gebrek aan inligting oor koste, beskikbaarheid en produktiwiteit van produksiefaktore verminder hul doeltreffendheid. ✓✓

**Onbeweeglikheid van produksiefaktore**
- Die onbeweeglikheid van produksiefaktore het tot gevolg dat meeste markte misluk om vinnig aan te pas by veranderinge in aanbod en vraag. ✓✓
- Arbeid neem tyd om tussen nuwe beroepe en gebiede te beweeg om by veranderinge in verbruikersvraag aan te pas. ✓✓
- Die aanbod van geskoolde arbeid kan nie vermeerder as gevolg van die tyd wat dit neem om opleiding en geskoold te word. ✓✓
- Fisiese kapitaal, soos fabrieksgeboue of infrastruktuur soos telefoonlyne kan nie maklik her-allokeer word nie. ✓✓
- Wanneer tegnologie verander, neem firmas tyd om die vaardighede van hul werkers aan te pas. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
**('n Maksimum van 4 punte mag toegeken word vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)** (2 x 4) (8)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 16
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

4.5 **Hoe sal 'n toename in toerisme-aktiwiteite 'n negatiewe invloed op die omgewing hê?**

**Toerisme kan omgewingsskade skep deur:**

- permanente herstrukturering van die landskap soos konstruksiewerk op hoofpaaie. ✓✓
- addisionele afvalprodukte, beide biologiese en nie-biologiese afval soos riool, koolstofvrystellings en rommelstrooiing. ✓✓
- direkte omgewingspanning soos verlies van wildspesies as gevolg van safari-jag. ✓✓
- negatiewe effek op die bevolking-dinamika soos migrasie en verandering in bevolkingsdigtheid in reaksie tot die behoeftes van toeriste-gebiede ✓✓
- geraasbesoedeling in wildtuine wat tot die hervestiging van diere kan lei.✓✓
- vernietiging van plantegroei as 'n gevolg van aktiwiteite van toeriste in ongerepte natuur soos riviermonding ekosisteem en botaniese tuine. ✓✓
- verhoging in vraag vir goedere en dienste wat druk plaas op die aanbod van natuurlike hulpbronne. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
**('n Maksimum van 2 punte mag toegeken word vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)** (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 16
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Met behulp van drie aparte grafieke, bespreek die korttermyn-ewewigsposisies (*ekonomiese wins, ekonomiese verlies en normale wins*) in 'n volmaakte mark.** **(26 punte)**
- **Analiseer die voordele van volmaakte mededinging as 'n markstruktuur.** **(10 punte)**


**INLEIDING**

'n Volmaakte mededinger is 'n markstruktuur met 'n groot aantal kopers en verkopers. ✓✓ (Maks 2)
(Aanvaar enige ander toepaslike inleiding)

**INHOUD: HOOFDEEL**

**EKONOMIESE WINS**

Korrekte posisie en benoeming van kostekromme = 1 punt
Korrekte posisie en benoeming van inkomstekromme = 1 punt
Aanduiding van ekonomiese wins gebied = 1 punt
Benoeming op asse = 1 punt
Benoeming van asse = 1 punt
**Maks 4 punte**





- Ekonomiese wins is die wins wat addisioneel tot die normale wins gemaak word/Wanneer gemiddelde inkomste groter is as gemiddelde koste maak die firma 'n ekonomiese wins. ✓✓
- Die firma produseer by punt e waar MI=MK. ✓✓
- By e, Q/100 eenhede word geproduseer teen P/R10. ✓✓
- By punt e, GI (P/R10) is groter as GK (P1/R8). ✓✓
- Die firma maak 'n ekonomiese wins van PeaP1 /TI - TK (R1000 – R800= R200)/R2 x 100 = R200). ✓✓

**[40]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 16
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**EKONOMIESE VERLIES**

Korrekte posisie en benoeming van kostekromme = 1 punt
Korrekte posisie en benoeming van inkomstekromme = 1 punt
Aanduiding van ekonomiese verlies gebied = 1 punt
Benoeming op asse = 1 punt
Benoeming van asse = 1 punt
**Maks 4 punte**





- Ekonomiese verlies vind plaas wanneer totale koste groter is as totale inkomste/wanneer gemiddelde inkomste laer is as die gemiddelde koste. ✓✓
- Die firma produseer by punt e waar MI=MK. ✓✓
- By e, Q/100 eenhede word geproduseer teen P/R10. ✓✓
- By punt e, GI (P/R10) is minder as GK (P1/R12). ✓✓
- Die firma maak 'n ekonomiese verlies van PP1ae / TI – TK (R1000 – R1200 = - R200) / R10 – R12 = - R2). ✓✓

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 16
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**NORMALE WINS**

Korrekte posisie en benoeming van kostekromme = 1 punt
Korrekte posisie en benoeming van inkomstekromme = 1 punt
Aanduiding van gelykbreekpunt = 1 punt
Benoeming op asse = 1 punt
Benoeming van asse = 1 punt
**Maks 4 punte**




DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 16
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

- Normale wins is die minimum verdienste benodig om te voorkom dat die entrepreneur die bedryf verlaat.✓✓
- Normale wins vind plaas wanneer totale inkomste gelyk is aan totale koste/ wanneer gemiddelde inkomste gelyk is aan gemiddelde koste. ✓✓
- Die firma produseer by punt e waar MI=MK. ✓✓
- By e, Q/100 eenhede word geproduseer teen P/R10. ✓✓
- By punt e, GI (P/R10) is gelyk aan GK (P/R10). ✓✓
- Die firma maak 'n normale wins van P x Q – GK x Q / R1000 – R1000 = R0 / R10 – R10 = R0. ✓✓

(Maks 26)

**Bykomende instruksies:**
- Puntetoekenning vir grafieke = **maksimum 12 punte**
  - Maksimum 12 punte vir 3 grafieke
  - Maksimum 8 punte vir 2 grafieke
  - Maksimum 4 punte vir 1 grafiek
- Puntetoekenning vir verduidelikings van grafieke = **maksimum 14 punte**

**ADDISIONELE DEEL**

- Die koste van produksie is laer as gevolg van produktiewe doeltreffendheid. ✓✓
- Daar is geen hindernisse tot toetrede in die mark, aspirante besighede kan maklik die mark betree. ✓✓
- Volmaakte markte vermeerder mededinging wat die pryse vir verbruikers verlaag. ✓✓
- 'n Volmaakte mededinger produseer groot hoeveelhede en verkoop teen laer pryse wat verbruikers bevoordeel. ✓✓
- Die produkte is alreeds bekend in die mark daarom bespaar produsente op advertensiekoste. ✓✓
- Verbruikers word nie uitgebuit nie aangesien volmaakte mededingers prysnemers is en verkoop teen 'n markprys. ✓✓
- Die koste van produksie is laer aangesien die ondernemings op die laagste punt van die gemiddelde kostekromme produseer.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
**('n Maksimum van 2 punte mag toegeken word vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)** (Maks 10)

**SLOT**

Besighede onder volmaakte mededinging kan slegs normale wins in die langtermyn verdien. Die is as gevolg van die aantal besighede wat toetree in die mark om in die wins te deel wat in die korttermyn gemaak word. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoërorde slot) (Maks 2) **[40]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 16
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

- **Bespreek in besonderhede die maatreëls deur die owerheid geneem om omgewingsvolhoubaarheid te verseker. (26 punte)**
- **Evalueer die sukses van internasionale ooreenkomste in die vermindering van klimaatsverandering. (10 punte)**

**INLEIDING**

Omgewingsvolhoubaarheid verwys na die vermoë van die omgewing om sy aanwending vir ekonomiese aktiwiteite te oorleef/ Omgewingsvolhoubaarheid beteken om in die behoeftes van huidige generasie te voorsien sonder om die behoeftes van toekomstige generasies in gevaar te stel. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 2)

**INHOUD: HOOFDEEL**

**Toeken van eiendomsregte**✓
- Eiendomsreg is wettige titels op die eienaarskap, gebruik en aanwending (besteding) van produksiefaktore en goedere en dienste. ✓✓
- Eiendomsreg het 'n bewaringseffek waardeur mense sal sorg vir hulpbronne wat aan hulle behoort. ✓✓
- Eiendomsreg bevorder kollektiewe verantwoordelikheid teenoor die omgewing, terwyl dit terselfdertyd oorbenutting voorkom. ✓✓
- Om te voorkom dat fauna en flora spesies uitsterf, word eiendomsreg aan mense toegeken as hulle instem om die flora en fauna te bewaar. ✓✓
- Eiendomsreg kan uitgebrei word na gemeenskaplike hulpbronne soos skoon lug.✓✓

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 16
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**Betaal vir omgewingsgebruik**✓
- Die owerhede hef fooie vir afval wat in die omgewing geproduseer en ontslae geraak word. ✓✓
- In Suid-Afrika hef plaaslike owerhede heffings op vullisverwydering en rioolverwydering. ✓✓
- Die beste resultate word behaal wanneer heffings proporsioneel is (verwant aan) tot afval wat geproduseer word. ✓✓
- Uitlating (vrystelling-)heffings word gebruik wanneer die owerhede 'n prys per eenheid van besoedeling vasstel. ✓✓

**Hef van omgewingsbelasting**✓
- Omgewingsbelasting is belasting wat gehef word op die uitsette van goedere wat eksterne omgewingskoste (besoedeling) genereer. ✓✓
- Wanneer omgewingsbelasting gehef word, verseker dit dat praktyke wat skadelik vir die omgewing is, verminder word. ✓✓
- Die regering kan die inkomste wat deur omgewingsbelasting gegenereer word, gebruik om in omgewingskwessies terug te ploeg. ✓✓
- In Suid-Afrika word koolstofbelasting gehef op koolstofdioksiedvrystellings van industriële prosesse, brandstofverbranding en voertuigbande. ✓✓
- Die koers van omgewingsbelasting moet gelyk wees aan die marginale eksterne koste. ✓✓

**Betaal omgewingsubsidies**✓

- Omgewingsubsidies verwys na die betaling wat die owerhede aan besighede maak om aktiwiteite te verminder wat die omgewing negatief beïnvloed. ✓✓
- Subsidies word toegestaan om; -
  - besighede aan te moedig om nuwe tegnologieë of toerusting soos LUD (LED)-gloeilampe en sonkraggeisers te ontwikkel. ✓✓
  - produksie van omgewingsvriendelike plaasvervangers soos herbruikbare inkopiesakke en herlaaibare batterye te bevorder. ✓✓
  - herwinning van afvalmateriaal aan te moedig soos bottels en blikkies. ✓✓
  - besighede aan te moedig om omgewingsvriendelike energiebronne soos sonkrag en wind te gebruik. ✓✓
- Omgewingsubsidies kan verhaal word van die heffing van belasting. ✓✓

**Uitreik van bemarkbare permitte**✓

- Bemarkbare permitte is lisensies wat deur die owerhede aan besighede verkoop word wat hulle toelaat om tot 'n sekere mate te besoedel. ✓✓
- Die owerhede besluit op 'n maksimum verlangde vlak van besoedeling in 'n bepaalde gebied. ✓✓
- Wanneer besighede daarin geslaag het om besoedeling onder hul maksimum toegekende kwota te verminder, kan hulle die oorblywende deel aan ander besighede verkoop wat meer as hul toegekende kwotas besoedel. ✓✓
- In Suid-Afrika word bemarkbare permitte deur die Departement van Minerale en Energie toegestaan. ✓✓

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 16
APPROVED MARKING GUIDELINE

**Beheer en Bevel (BEB)** ✓

- BEB verwys na regulasies wat deur die regering ingestel word om omgewings-beperkings en -standaarde af te dwing. ✓✓
- Die owerhede dwing beleid af deur maksimumvlakke van die vrystelling van besoedeling vas te stel. ✓✓
- Die Departement van Omgewingsake gee inspekteurs aan om die omgewings-aktiwiteite van besighede te monitor en boetes op te lê indien die wetlike perke nie nagekom word nie. ✓✓
- Die meeste ontwikkelde lande het regulasies wat lug- en waterbesoedeling beheer. ✓✓:
- Daar is 3 benaderings in BEB stelsels:
  **Hoeveelheidstandaarde:** Hierdie fokus op die hoeveelheid besoedeling wat vrygestel word✓✓
  **Kwaliteitstandaarde:** Hierdie fokus op die omgewingsimpak van die besoedeling wat vrygestel word ✓✓
  **Sosiale impakstandaarde:** Hierdie fokus op die uitwerking op mense van die besoedeling wat vrygestel word ✓✓

**Vrywillige ooreenkomste** ✓

- Vrywillige ooreenkomste verwys na formele en informele reëlings, eerder as om regulasies in te stel, tussen die owerhede en besighede om besoedeling te verminder. ✓✓
- Die owerhede kan op 'n vrywillige basis ooreenkomste met besighede sluit om besoedeling te verminder. ✓✓
- Hierdie ooreenkomste werk dikwels goed omdat besighede bemagtig word om reëlings te onderhandel wat by hul eie omstandighede pas en 'n beter platform vir beplanning skep. ✓✓

- Dit verseker toewyding deur besighede soos hulle ooreenkomste handhaaf wat hulle onderhandel het aangesien hulle direk betrokke is. ✓✓

**Onderwys** ✓
- Dit verwys na metodes wat gebruik word om bewustheid te skep en mense se houding teenoor die omgewing te verander. ✓✓
- Onderwys word gebruik om mense se houding teenoor die omgewing te probeer verander. ✓✓
- Wanneer die samelewing bewus gemaak word van omgewingskwessies en hoe hul optrede die omgewing beïnvloed, sal dit verseker dat beter besluite geneem word. ✓✓
- Wanneer kinders opgevoed word om bewus te wees van die uitwerking van hul optrede op die omgewing, sal hulle meer omgewingsbewuste en bemagtigde volwassenes word. ✓✓
- Innoverende benaderings is in die ontwikkelende lande probeer om mense op te voed. ✓✓bv. gemeenskapswildreservate op te rig. ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

**('n Maksimum van 8 punte mag toegeken word vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)** (Maks 26)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 16
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**ADDISIONELE DEEL**

- Verenigde Nasies se Raamwerk Konvensie oor Klimaatverandering (VNRKK) was gestig om kweekhuisgas-vrystelling in die atmosfeer te verminder. ✓✓
- Meeste lande het ingestem om maatreëls aan te neem om die omgewing te beskerm, maar hulle verskil in wie die mees verantwoordelik is vir die skade en hoe om vrystellingsverminderings doelwitte daar te stel. ✓✓
- Die VNRKK was nie suksesvol nie omdat dit vrywillig was vir individuele lande.✓✓
- Kyoto protokol was 'n verbetering op die VNRKK omdat dit gepoog het om ontwikkelde lande te verbind om hul uitlatings van kweekhuisgasse te verminder. ✓✓
- Kyoto protokol het bindende teikens gestel waarmee geïndustrialiseerde lande ingestem het om vrystellings te verminder. ✓✓
- Die grootste tekortkoming van die Kyoto protokol was hul fokus op ontwikkelde lande alleenlik en ontwikkelende lande was uitgesluit van die ooreenkoms. ✓✓
- Kyoto protokol het misluk omdat lande wat nie hul teikens bereik het nie, nie beboet was nie. ✓✓
- Groot besoedelaars soos die VSA het onttrek en dit het 'n negatiewe impak op die sukses van die ooreenkoms gehad. ✓✓
- Die Parys ooreenkoms was 'n verbetering op die Kyoto protokol omdat die doel is om aardverwarming te beperk tot ver onder 2, verkieslik tot 1,5 grade Celsius, vergelykend tot voor-industriële vlakke. ✓✓
- Hulp in die vorm van subsidies was belowe aan ontwikkelende lande om kweekhuis-vrystellings te verminder. ✓✓
- Die sukses van Parys-ooreenkoms sal bepaal word deur die finansiële, tegniese en kapasiteitsbou-ondersteuning wat gebied word aan lande wat dit nodig het. ✓✓
- Alhoewel internasionale ooreenkomste tot dusver beperkte sukses gehad het, het dit 'n bewustmaking geskep om die probleem ernstig aan te spreek. ✓✓
- Aardverwarmingsteikens word nie bereik nie aangesien ons vinnig 'n toename in globale temperature van 2 grade Celsius nader. ✓✓
- Armer lande maak steeds staat op steenkool om energie te produseer omdat die gebruik van meer omgewingsvriendelike produksiemetodes te duur is. ✓✓
- Uilating (vrystellings)teikens word nie bereik nie, en die uitwerking van klimaatsverandering is meer sigbaar as voorheen, wat tot 'n verlies in BBP en 'n afname in indiensneming lei. ✓✓
- Dit is moeilik om organisasies te identifiseer wat verantwoordelik is en hierdie lande verantwoordelik te hou vir hul optrede. ✓✓
- Daar is 'n gebrek aan streng wetstoepassing waar boetes nie opgelê is aan diegene wat nie die teikens bereik het nie. ✓✓
- Groot besoedelaars (soos die VSA) kon nie die teikens bereik wat deur Kyoto-protokol gestel is nie en dra steeds by tot aardverwarming en stel minder belang om die krisisse op te los as gevolg van duur tegnologie om besoedeling te verminder. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoër orde antwoord)
**('n Maksimum van 2 punte mag toegeken word vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)** (Maks 10)

**SLOT**

Mense gaan voort om die omgewing te beskadig (met of sonder hul medewete) en laat die toekomstige geslagte die gevolge ly. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoërorde antwoord) (Maks 2)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X896, PRETORIA 0001
2022 -11- 16
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

Kopiereg voorbehou